MEDIAVRYSTELLING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

MILITÊRE GESKIEDENISFEES GEDY BY MONUMENT

Pretoria 22 April 2014. Die jaarlikse Militêre en Geskiedenisfees by die Voortrekkermonument Erfenisterrein, vind hierdie jaar weer op 1 Mei op die piekniekterrein plaas. Die fees was verlede jaar só gewild, dat heelwat nuwe uitstallers vanjaar deelneem, met interessante uitstallings.

Hierdie jaar is die gasspreker oud-generaal Johan Jooste wat tans die bevelvoerder van die Kruger Wildtuin se anti-renosterstropereenheid is. Hy sal om 11:00 ‘n praatjie lewer oor sy militêre geskiedenis, asook die uitdagings waarmee die renostereenheid te doen het. Die Monument se kanon Susanna, sal om 12:00 uur afgevuur word. Susanna is in 2003 deur die Monument van die *Cape Town High School* bekom. Sy is ‘n Britse 6 pond-*gunade* skeepskanon, ca. 1820. Die *gunade* het ‘n langer loop and dié van ou Grietjie wat by Bloedrivier gebruik is, wat ‘n *carronade* is.

Van die groot trekpleisters hierdie jaar sal sekerlik die uitstallings van Milkor en Matoska wees. Milkor stal hulle *Supersix* 40mm-granaatlanseerder uit en sal ook ‘n paar skote daarmee afvuur. Milkor sal ook die firma se vorige wapens tentoonstel. Matoska, ‘n maatskappy wat onder meer skerpskuttergewere vervaardig, sal sy *Double Star* 3G 5.56 x 45 op die skou hê. Dan is daar ook die *Zwartkop Scale Modellers*-klub met ‘n groot uitstalling en daar kom ‘n uitstaller al die pad van Namibië af met ongelooflike militêre skaalmodelle wat ‘n mens self kan bou.

Die Pantserformasie van die SANW gaan verskeie voertuie tot die fees bydra en die Geïntegreerde Personeelbeskermingsvoertuig van REVA sal ook te sien wees. Die skrywer van verskeie militêre boeke, Paul Els, sal tydens die fees byderhand wees om eksemplare van sy boeke te teken. Handelaars sal militaria, boeke, medaljes, uniformstukke en selfs militêre kunswerke verkoop.

Die fees vind plaas van 09:00 tot 16:00 op die piekniekterrein van die Voortrekkermonument.

Kosstalletjies sal beslis enige honger stil en ‘n biertent sal na die dorstiges omsien. Toegang behels R20 per voertuig, ongeag die getal insittendes. Belangstellendes kan Geraldine Paulsen kontak by bemarking@vtm.org.za of by 012 326 6770 met navrae.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@vtm.org.za